

Hoofstuk van die dag: Deuteronomium 34

> *Daar het nie weer ’n profeet in Israel opgetree wat soos Moses was nie. Hy het die Here persoonlik geken. (vers 10)*

’n Mens kan jou nouliks die volk Israel voorstel sonder om aan Moses te dink. God het hom, die bangbroek hakkelaar (Eks

4:13), ’n reus onder die staatsmanne gemaak. Hy het met die kennis wat hy in die paleis in Egipte opgedoen het, Israel van ’n slawevolk na ’n nasie met ’n eie identiteit gelei. Deur sy toedoen is die volk georganiseer in ’n funksionele staat. En hy het hulle gehelp om God te leer ken en aanbid. Inderdaad was daar nie weer ’n profeet soos Moses nie. Deur hom het God wonders gedoen, wat by die volk vrees ingeboesem het en hulle met ontsag vir die Here vervul het (vers 12).
Moses se geheim was sy innige verhouding met God. Hy het die Here persoonlik geken, merk die skrywer op. Ons lees dit ook in Eks 33:11.
Ons het nie almal dieselfde geleenthede soos wat Moses gehad het nie. Ons kan nie almal staatsmanne en volksleiers wees nie. Maar ons kan almal die Here persoonlik ken.
Mag dit van jou en my waar wees!

Naskrif: Môre begin ons (DV) met die Evangelie volgens Lukas.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026